Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

19 April 2020

Woordverkondiging op Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos Facebookblad Skakel in om 09:30

Ds. Piet Venter

Tema: Ware geloof is om die Here in die erediens te ontmoet.
Skriflesing: Psalm 84

Ek dink ons almal verlang in hierdie grendeltydperk intens om die Here weer in die erediens op ‘n Sondag te ontmoet! Ons verlang na die saamwees van gelowiges wat die Here kom aanbid en hulle krag in Hom vind.

Ware geloof kan nie sonder hierdie besondere ontmoeting tot volle ontplooing kom nie! God het dit so beskik dat daar een dag sal wees wat die gelowige rus van sy sesdaaglikse werk om God op besondere manier in die erediens te ontmoet. Sonder hierdie ontmoeting op ‘n Sondag kan ek nie my roeping van Maandag tot Saterdag uitleef nie.

Voorverlede Sondag het die Here in Miga 6 dit baie sterk op ons hart gedruk dat ons nie onder die wanindruk moet kom dat erediens hou, die belangrikste deel van ware geloof is nie. Dat solank ek net die eredienste op Sondag bygewoon het, dan is my geloofsverantwoordelikheid afgehandel en nou kan ek die res van die week maar doen wat ek wil nie.

Om hierdie punt te beklemtoon het ek gesê dat eredienste ‘n klein deel van ons geloofslewe is in vergelyking met die res van ons roeping van Maandag tot Saterdag. Daar is immers 1 Rusdag en 6 dae om te werk. Dit is die orde wat God vasgestel het. Deur te sê dat dit in hierdie verhouding – en binne die konteks van Miga 6 - ‘n klein deel van ware geloof is, het ek geensins bedoel dat dit ‘n onbelangrike deel van ware geloof is nie.

En dit maak die Here vir ons vanmôre duidelik uit Psalm 84. Ware geloof sluit ook in dat ek as gelowige die Here in die erediens kom ontmoet. Daar is nie in die Skrif ‘n spanning tussen die uitlewing van ware geloof in die week en die uitlewing daarvan op ‘n Sondag nie.

Die spanning ontstaan enersyds wanneer gelowiges – soos die volk in Miga se tyd – dink dat hulle in die week kan lewe soos hulle wil en dan net vinnig ‘n paar offers kan bring – erediens kan hou – en dan is alles weer reg. Vir hulle bestaan ware geloof nie om soos die Here gesê het: van Maandag tot Saterdag in die samelewing reg te laat geskied en liefde te leef nie.

Die spanning ontstaan aan die ander ook as mense sou dink – soos baie gelowiges vandag – dat hulle van Maandag tot Saterdag ‘n klomp goeie dinge in die samelewing doen, dat hulle betrokke is by die nood van die wêreld en volgens hulle die

Here op die wyse dien. Daarom sien hulle geen nodigheid om Sondag die Here saam met sy volk in die erediens te ontmoet nie. Hierdie onbybelse denke vind ons toenemend by die sg buite-kerklike Christendom van vandag.

Nee, ware geloof bestaan uit altwee: om sewe dae van die week die Here te dien: Sondag in besonder gefokus op God en van Maandag tot Saterdag in besonder gerig op ons roeping in die wêreld!

Dit is juis vanuit sy besig wees in die wêreld dat die digter van Ps. 84 na die Here verlang! Hy is nie by die tempel nie, hy verlang om weer daar te wees!

VANDAG IS ONS VERJAARSDAG! ONS GEMEENTE IS 50 JAAR JONK!

Stigtingsdatum: 19 April 1970

Ons kyk vandag met dankbare harte terug op 50 jaar van genade om as gemeente van die Here te kon bestaan en ons roeping hier te kon vervul. Ons kan maar net sê: Soli Deo Gloria. Aan God al die eer!

Maar ons kyk ook met opgewonde harte vorentoe! Daar is nog soveel vir ons om hier, waar die Here ons geplaas het, vir Hom en sy koninkryk te doen!

Daarom bid ons ook: Here, rus ons steeds meer toe met U Woord en Gees en skenk ons die genade om die uitdagings wat daar vir ons as gemeente in Potchefstroom is, raak te sien en nog vir baie jare ons dienswerk hier vir u te kan doen! Ons wil hier in die gemeenskap van Potchefstroom U sout en U lig wees!

Ons sou vandag partytjie gehou het maar dit sal nou alles oorstaan tot ons 50 Jaar Fees op 24 en 25 Oktober 2020.

Dit is ook goed dat ons mekaar op ons verjaarsdag weer herinner aan wat ons oor die afgelope twee jaar saam ooreengekom het tydens die Vlamvatprojek:

Ons visie

Dat toekomstige generasies lidmate van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

- nederig en dankbaar terugkyk en
- God eer vir sy ewige en ondeurgrondelike genade

dat die Vlamvat-Projek wat in 2018 geloods is, getuig van

- hoe ons deur die krag van die Heilige Gees geloof, dade laat word het
- hoe toegewyd absolute liefde ons laat werk en meewerk, en
- dat ons aanhou hoop op ons Here Jesus Christus en so

Christus se Bruidskerk volhoubaar laat groei het, deurdat die gemeente na binne en na buite gekenmerk word deur

- volgehoue Christus-gesentreerde Woordverkondiging,
- gesamentlike en volhardende gebed, en
- liefdevolle en nederige diensbaarheid,
- en deur onvoorwaardelike eensgesindheid God se Koninkryk deur die leef van die vrug van die Gees, dien en uitbrei.

Ons missie

Ons is uit genade gered en deur God hier in Potchefstroom geplaas om doelgerig:

- ons persoonlike lewe uit liefde aan sy wil te onderwerp en meer en meer soos Christus te word;
- mekaar lief te hê en op te bou met die gawes wat God aan elkeen gegee het;
- die verlore wêreld lief te hê en elkeen oortuig te wees dat God ons persoonlik roep en gebruik om sy verlore skape in die kudde te bring;
- hierdie opdragte uit te voer omdat ons die Here liefhet en gehoorsaam aan sy Woord wil wees en
- met vreugde, vaste hoop en verlange te wag op sy Wederkoms

MEELEWING

- Adéle Delport (Groep 25 - 082 532 8658) se ma, tannie Mienie Mouton, het Vrydag 'n angiogram in Klerksdorp ondergaan om hartare oop te maak. Ons bid haar spoedige beterskap toe.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne, Annette Coetsee en Ina van Wyk.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak u ouderling, ds Piet (018 290 5635) of Adele (082 532 8658) om die nodige reëlings te tref.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Sondag

09:30 Geen erediens by die kerkgebou – skakel elektronies in op Woordverkondiging op Facebook.

HUISGELOOF: Belangrike toerusting vir ouers op ons Facebookblad

Ouers kan gerus op ons Facebookblad gaan kyk na twee video's en 'n dokument wat Heleen Coetzee verskaf het om ouers toe te rus oor hoe om met hulle kinders oor die hele situasie van die Coronavirus te praat. Baie dankie Heleen.

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Maandag, 20 April

Sr Magda Huisman	084 548 2714
Jbr Ruan vd Berg	063 046 6756

Dinsdag, 21 April

Br Daan Bakker	082 829 8456
Br De Vos Joubert	082 826 0213
Sr Carina Smits	084 209 4198

Vrydag, 24 April

Br Adolf Lombard	048 290 6669

Satrdag, 25 April

Sr Ronel Noeth	082 921 3259

ONTHOU DIE FOTO'S!

Moenie laat die corona-virus, die "lock-down", die "social distance" en die huisarres en al daardie goed wat ons nou so op hol jaag julle laat vergeet

van die foto's nie! Watter foto's? Foto's van die Oos-Dopper gemeente natuurlik.
Ons gemeente is eersdaags (19 April) 70 jaar oud. Op Saterdag 24 Oktober word daar op ons kerkterrein 'n lekker fees gehou om dié heuglike gebeurtenis te herdenk. Van 14:00 af 'n aksieprogram en ete wat deur die diakens en die susters aangebied word en van 17:00 af 'n beeld- en klankprogram in die kerkgebou. Daarvoor het ons foto's nodig.
Blaai in julle foto-albums en krap in julle foto-bokse en laat ons daardie foto's kry asseblief. Ons soek foto's van die volgende gemeente-aktiwiteite:

- Die kerkbou-projek
- Die Oosdopperfees
- Potjiekoskompetisie
- Uitreikaksies, bv na D'kar
- Gemeentebyeenkomste
- Biltongaande
- Gemeentekampe
- Enige iets anders wat jy dink gebruik kan word

Skryf agter op die foto wat die geleentheid was en die datum. Ook jou naam en selnommer. Sit dit in 'n koevert en gee dit vir Adéle. Dit sal nie verlore gaan nie!
Sodra ons dit gedigitaliseer het, besorg ons dit terug aan jou.
Pieter Potgieter
082 451 0762

OOSDOPPERFEES - 30 MEI

Beste lidmate, ons heg 'n **"Oosdopperfees Dankbaar-heidsvorm"** aan. Die link na die vorm is ook op die webblad beskikbaar om in te vul. Hiermee herinner ons u so lank om te kyk wat jy sal kan bydra en waar jy sal kan werk met ons fees! Kliek hier as jy dit elektronies wil invul. Vir jou gemak kan jy dit op jou selfoon ook voltooi!

MOOIRIVIER BILTONGFEES – 31 JULIE 2020

Die Mooirivier Biltongfees wat reeds 16 jaar deur GK Potchefstroom-Mooirivier gemeente in Potchefstroom gevestig is en baie gewild onder Potchefstromers is, gaan hierdie jaar by ons eie gemeente plaasvind.

Die wenresep word weer vanjaar herhaal, die venue skuif net na Die Skuur. Ons gaan beide sale gebruik en verwag om ±400 gaste te kan ontvang.
Daarom het ons almal in ons gemeente se ondersteuning en hande nodig met die volgende: kaartjieverkope, allerlei wilds-vleise, beesbiltong, konfyte, brode, ens. Kom ons maak voortaan die Mooirivier Biltongfees 'n trotse Oosdopperfunksie!
Ons herinner u vroegtydig daaraan aangesien julle reeds vir ons kan help met die beplanning daarvan.

- Eerstens hou die datum oop sodat jy ook deel hiervan kan wees.
- Tweedens vra ons julle bydraes vir konfyte - dit is vrugtetyd en almal wat konfyt kook kan 'n botteltjie of 2 ekstra kook en vir ons te skenk.
- Derdens benodig ons ook wildsvleis vir die biltong! Sodra die jagseisoen begin kan julle ook vir ons 'n bok (of 'n bees/vark) skenk vir die maak van biltong en droëwors.

Kontak gerus vir Christa Bloem (082 376 9412), Rieëtte (082 898 4197) of Adele (082

532 8658) indien julle ons hiermee kan help. Nader aan die tyd sal ons meer inligting deurgee en ook skenkings van tuisgebakte brode vra.

'n Spesiale dankie, vir julle ons gemeentelede se ondersteuning en deel wees van ons projekte!

GK Potch-Oos : WhatsApp kommunikasie

In 'n poging om seker te maak dat ons die hele gemeente gedurende die grendelstaat tydperk kan bereik, het ons 'n WhatsApp Uitsaaigroep (Broadcast group) geskep op die nommer GK Potch-Oos 067 713 2332. Stoor asseblief hierdie naam en nommer op jou selfoon.

'n Uitsaaigroep se voordeel is dat niemand se reaksie op die groep gesien kan word nie en dit dus nie 'n lastige heen-en-weer gesprek veroorsaak nie. Moet jouself asseblief nie van die groep afhaal nie. Lidmate kan wel 'n boodskap terugstuur wat slegs deur Adele in die kerkkantoor gesien kan word.

ALGEMENE INLIGTING:
WOW-HERWINNINGSPROJEK
(WEN ONS WêRELD)

Maak gerus weer na die grendeltyd gebruik van ons herwinnings-hok.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer: 067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad "Geref Kerk Potch-Oos Videos van Preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc.
Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

BYDRAES VIR DIE DIENELKANDER

Lidmate is baie welkom om bydraes/berigte of nuus vir die Dienelkander deur te gee na die Kerkkantoor. Doen dit asseblief voor Vrydae 09:00. ("Dien-elk-ander": Nederlands vir "dien mekaar"!) Die Dienelkander is elektronies beskikbaar en word Vrydae per e-pos uitgestuur. Kontak Adele by die kerkkantoor indien jy dit graag elektronies wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt 082 851 3637
: Erasmus Venter 072 154 9410
Kerkkantoor: Adele 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632 005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan,
die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Teeskinkgeleenthede

Geen tee vandag!

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Belangrike datums om te onthou!

Vrydag, 8 Mei = Pa-en-dogteraand
Saterag, 30 Mei = Oosdopperfees
Vrydag, 31 Julie = Biltongaand

2020 OOSDOPPERFEES DANKBAARHEIDSVORM (INHANDIG @ 24 MEI)

NAAM EN VAN: _____ **GROEP:** _____

BESTANDDELE BENODIG (TOTALE HOEVEELHEID BENDODIG)	DUI JOU SKENKINGS AAN: g/kg/L dos/pak bottel	**TUISGEMAAKTE ITEMS BENODIG & TWEEDEHANDS**	JOU SKENKINGS	**HULP BENODIG** (MERK WAAR JY KAN HELP)	✓
Botter/margarine (3kg)		Koue poedings		**KOMBUIS:**	
Konfyt		Warm gebakte poedings		Ontbyt	
Vars piesangs (4kg)		Tuisgemaakte vla		Kerrie & Rys	
Vars tamaties (3kg)		Aangemaakte Jellie		Sosaties	
Spek (9kg)		Enkellaag koeke		Worsbroodjies	
Eiers (21 dos)		Terte			
Blatjang (4 bottels)		Tuisgemaakte konfyt		**SAAL:**	
Klapper (1kg)		Ingelegde items (groente/slaai)		Koffie & Tee	
Rys (2 kg)		Brode: Vars plaasbrood		Koeldrank	
Ricoffie (750g x 4)		Gemmerbrood		Poeding	
Gemaalde koffie (4kg)		Piesangbrood			
Espresso gemaalde koffie (4kg)		Dadelbrood		**BUITE:**	
Tee: Gewoon 2 pakke		Beskuit		Braai vleis	
Tee: Rooisbos 1 pak		Kleinkoekies		Mini Doughnuts	
Langlewe melk (24 L)		Koeksisters		Aartappelkrulle	
Vars melk (10 L)		Skons/muffins/cupcakes		Pannekoek	
Kondensmelk		Gemmerbier		Jaffels	
Suiker (20 kg)		Kondensmelkspuite		Jeugtafel	
Kaneel (800g)		"Lucky packets" (40)			
Kookolie (12 L)		Tuisgemaakte lekkers		**GRILGROT:**	
Palmolie (50 L)				Vooraf opmaak	
Vermicelli (2 pakkies)		**2DE HANDSE ITEMS**			
Sjokolade: Wit (15 slabs)		Wol/Lakens		**HANDELSHUIS:**	
Sjokolade: Bruin (15 slabs)		Grillerige goeters		Prys & uitpak van artikels	
Medium aartappels (42 kg)		Speelgoed/Puzzels/ bordspeletjies		Verkoop van artikels	
Gekoopte vla (24 L)		2dehandse klere (Kinders/mans/dames)			
Ingelegde vrugte (500g x 10)		Wit-olifant items		**BOEKE OASE:**	
Roomys (10 L)		Boeke/CD's/DVD's		**Prys & uitpak van boeke**	
Houtskool (50 kg)				**Verkoop van boeke**	
Swartsakke (5 rolle van 20)					
				TWEEDEHANDSE KLERE	
				Verkope tydens vleiswerk: Wo-Vry	
				09:00 - 13:00	
				13:00 – 16:00	

Kontant bydrae:	**R**	**Handtekening v ontvanger / eft: verwysing "Oosdopperfees"**
Leen gasbottels:	**(aantal)**	

Baie dankie vir almal se bydraes en bereidwilligheid om van ons Oosdopperfees 'n sukses te maak!

Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B " Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

NUUS UIT DIE BYBELKOERANT

GENERAAL NAäMAN GESOND

ARAM. - Die hoof van die Aramitiese leër, generaal Naäman, het vanoggend as 'n gesonde man uit Israel teruggekeer. Hy het 'n paar weke gelede daarheen gereis nadat hy verneem het dat daar iemand is wat hom moontlik van sy melaatsheid kan genees.

Die generaal wat al 'n geruime tyd siek is en al elke denkbare raad probeer het om gesond te word, het van die man gehoor by sy vrou se slavin, 'n jong dogtertjie uit Israel. Sy het vertel van 'n profeet in Samaria wat haar meneer sal kan genees.

Generaal Naäman vertel 'n ongelooflike verhaal. Die profeet Elisa het hom nie eens gesien nie en slegs 'n boodskapper gestuur met die raad dat hy hom sewe keer in die Jordaanrivier moes gaan was. "Ek was so kwaad dat ek net daar omgedraai het om terug te kom," lag die generaal. "Gelukkig het my amptenare my omgepraat om dit tog maar te probeer en nou is ek gesond! Ek weet nou, daar is geen God op die hele aarde nie behalwe die God van Israel."

Lees die verhaal in 2 Kon. 5: 1-16